### *Elohim laat Hom slegs deur die liefde ken*

**77** **Suetal** sê: "Ja, ja, dan sou alles baie goed bymekaar pas! Net met die uitdrukking 'jongste' sou dit nog nie so baie klop nie, want so `n engel, wat halwe ewighede deurleef het, kan tog ten opsigte van die mense van hierdie aarde onmoontlik `n jongste leerling wees!? So `n engel was tog al lank vroeër vertroud met die hemelse magie, nog voordat daar `n son aan die koepel geskyn het?! - Wat dink jy daarvan?"

[2] **Ribar** sê: "Dit is sekerlik `n belangrike beswaar waarop ek ook geen antwoord het nie. Maar tog skiet iets my nou te binne: Kyk, die Meester kan die jongeling slegs met betrekking tot hierdie tyd as die jongste van Sy leerlinge voorgestel het, omdat hierdie jongeling hom miskien net `n paar dae in `n aardse omhulsel in die geselskap van mense bevind het!"

[3] **Suetal** sê: "Ja, as dit so sou wees, het jy natuurlik weer gelyk, maar bedink dat so `n veronderstelling gewis ietwat gewaagd is! Dit is dít, of Moses, want beide kan onder sulke omstandighede nie langs mekaar bestaan nie!"

[4] **Ribar** sê: "Dit sien ek nie in nie! `n Engel kon tog ook, soos wat mense dit nou nog mondelings oorlewer, sewe jaar lank `n gids vir Tobias gewees het. Waarom sou híérdie een dan nie `n paar dae op aarde kan uithou nie?! Hierdie aarde is tog net so goed `n werk van Elohim as wat hy dit self is!"

[5] **Suetal** sê: "Ja, ja, as jy gelyk het en Mathael ook onweerlegbaar gelyk het, dan kan, aards gesien, hierdie jongeling seker die jongste leerling van die ewige groot Meester wees! Sy figuur en sy dade getuig duidelik van `n hoër wese uit die hemele, maar as hierdie wese van homself getuig dat hy die jongste leerling van die groot Meester uit Nasaret is, dan moet hierdie Meestergees tog sekerlik `n Meester oor alle hemele wees. Maar as Hy dit is, dan doem vir ons die belangrike vraag op wat ons dan voor die Aangesig van die Allerhoogste Almagtigste Self, kan en sal doen! Want dit sou werklik geen kleinigheid wees nie!"

[6] **Ribar** sê: "Ongetwyfeld, maar sou ons iets daaraan kan doen as dit, wat vir my steeds waarskynliker lyk, so sou wees? Kyk, die Godheid is vry en doen wat Hy wil, en die sterflikes kan Hom geen beperkinge oplê nie! As Hy as `n regter na ons toe gekom het, sou ons seker sleg daarvan afgekom het, maar nou kom Hy as die vriendelikste weldoener na ons sterflikes toe, om ons deur die ou, reeds deur vader Henog verkondigde liefde nader na Hom toe te trek, en onder sulke omstandighede is Hy nie te vrese nie. Maar soos dit vir my lyk, laat Hy Hom slegs deur die liefde in waarheid ken, omdat die liefde beslis die enigste rede vir Sy koms hierheen is. Maar deur die verstand, en al ons hooggeprese rede laat Hy Hom verseker nie ken nie.

[7] En kyk, nou word daar baie vir my meer verstaanbaar! Die vermeende Griek het voorheen heel aangenaam en vriendelik na ons toe gekom en het ons bowendien nog gevra of ons kennis wil maak met die groot Meester uit Nasaret. Maar ons het dit uit `n soort angs beslis afgewys en het dit met allerlei onbelangrike, verstandelike redes beredeneer. Ons het die Meester gevrees, omdat die leerling ons al laat sien het hoe ergerlik oppervlakkig ons redeneringe was.

[8] Tot op hede het ons alles nog altyd verstandelik beredeneer en het nog baie weinig te wete gekom, en die taamlik sterk vermoede wat nou in ons harte begin groei, het ons suiwer aan die teregwysings te danke wat die wyse jongeling ons gegee het omdat sy geduld kennelik opgeraak het. Want, soos wat ek nou al heeltemal duidelik begin besef, het hy dit daar vóór die lang toespraak van die Meester al duime dik opgelê dat die Griek nou juis die Meester moes wees en niemand anders nie! Maar ons egte onbegrip hou toe nog steeds `n driedubbele doek voor die oë van ons siel, en ons sien daarom steeds vanweë al die bome nie die bos nie.

[9] Omdat ons nou, vanweë die berisping, bietjie meer begin voel vir die Griek, skyn `n paar doeke van die oë van ons siel weggeneem te wees, en ons begin daarom nou ook sommige vermoedens te kry. En ek is nou van mening dat ons ons verstand heeltemal oorboord moet gooi en in die plek daarvan suiwer die gevoel van ons harte moet volg, dan sal ons sekerlik eerder `n doel bereik as deur ons verstand, wat die mens slegs gekry het soos wat `n mens vir die kook van `n ete `n kooklepel by die etenspot gee, naamlik vir die omroer van die kos. Is die ete in die pot eenmaal gekook, dan kan mens die roerlepel maar bêre! - Wat is nou jou mening daaroor en die mening van julle almal?"

[10] Grootogig, sê **Suetal**: "Vriend, ek sien dat jy steeds meer mik op die Griek. Dit is by my ook wel die geval en ek deel heeltemal jou mening daarin, maar met die afwys van die verstand is ek dit voorlopig nog nie eens nie. Want as ons dit vanweë `n gevoel wat in ons opwel tersyde lê, wat is ons dan nog méér as die diere van die bos, wat sonder verstand is en daarom hul gevoelsinstink moet volg?

[11] Kyk, die mens word heel dikwels deur allerlei gevoelens oorweldig. As hy dan, sonder om sy suiwer verstand te raadpleeg, dadelik maar sy gevoelens sou volg, waar sou hy dan beland! Daarom is dit volgens my mening slegs vóór alles nodig om die verstand soveel as moontlik te suiwer. Want, slegs deur die gelouterde verstand gelei, kan ons betere gevoelens ons tot `n ware seën word.

[12] Die gevoelens in die mens is soos `n veelarmige poliep in die see wat sy talle arms altyd na voedsel uitstrek, maar in hierdie dier is daar verder beslis geen ander intelligensie waar te neem nie.

[13] As die mens nou sy verstand tersyde sou skuif, sou hy duidelik na so `n dier lyk, want die ruwe gevoelsmens op sigself is vreet- en genotsugtiger as enige ander dier. Slegs die ontwikkelde en gereinigde verstand reël en orden die gevoelens van die mens, verwyder die slegte, behou dan slegs die goeie en suiwere en maak op hierdie wyse van die skynbare mens, `n egte mens.

[14] Daarom moet jy die goddelike verstand nie oorboord wil gooi nie, want sonder die verstand is enige donkie of os ons meerdere!"

[15] Die tien ander gee Suetal hierin volkome gelyk en deel almal sy mening. Maar Ribar haal sy

skouers bedenklik op en **Suetal** sê: "Nou, daarteen kan jy tog werklik niks inbring nie?! Want my mening staan voor Elohim en die hele wêreld so vas soos die berg Sinaï, waarop Moses die wette gekry het vir `n volk wat enorm met verstand begaaf was!"

### *Verstand en gevoel*

**78** Na `n rukkie sê **Ribar**: "Vriend, teen dit wat jy nou gesê het, sou nog heelwat in te bring wees! Maar omdat jy nog `n groot held met jou verstand is, sal jy tog weer dadelik met iets anders na my toe aankom. Ek wil jou in wêreldse opsig in geen geval ongelyk gee nie, en dit sal met die vorming van die wêreldse mens so gebeur soos wat jy dit nou gesê het. Hierdie ontwikkeling moet altyd die noodsaaklike voorloper wees van die latere, hoëre vorming van die gees, maar dit moet nie reeds die éinde van die vorming wees nie, en dit sal ook ondanks hóé verfynde raffinering, nooit word nie.

[2] Want as die verstand oorspronklik aan ons gegee is as `n reëlaar van ons gevoelens om dit so goed as moontlik te veredel, dan moet tog in die gevoelens wat daardeur ryp geword het, `n bepaalde ooreenkoms te vinde wees met die rypgeworde vrug van `n boom. Om die vrug te laat ryp word was sonlig en warmte natuurlik nodig en ook so nou en dan vrugbare reën. Maar as die vrug eenmaal ryp geword het, sal `n mens dit van die boom afpluk en so goed as moontlik in `n geskikte voorraadkamer bewaar, sodat hy uit homself nog ryper en smaakliker sal word. As jy die ryp vrug egter aan die boom laat hang, sal dit daardeur nie net gladnie beter word nie, maar heeltemal verrot!

[3] En so is dit sekerlik ook die geval met die gevoelens van die mens. As dit eenmaal die regte rypheid bereik het, moet die uiterlike verstand onthef word van die sorg daarvoor en moet die gevoelens oorneem om selfstandig `n hoëre lewensrypheid te bereik, omdat die voorafgaande ryping andersins totaal nutteloos sou wees. Daarom sê ek ook dat ons, omdat ons nie met die verstand verder kan kom nie, nou juis hierdie uiterlike verstand oorboord moet gooi en ons dan vir ons verdere lewensleiding aan ons rypgeworde gevoelens moet oorgee!"

[4] **Suetal** sê: "Broer, op een of ander wyse staan jy onder `n goddelike invloed! Want ek ken jou, dit is nie jou manier van praat nie! Jy praat al byna net so wys soos Mathael! Ja, kyk nou, ek kan beslis niks meer daarteen inbring nie, want ek is heeltemal deurdronge daarvan dat jy werklik volkome gelyk het en die waarheid praat! Ek is weliswaar nog nie so ver nie, maar ek voel dat dit nou by my ook vooruitgaan. "

[5] Nou sê die ander tien ook dat hulle dieselfde in hulleself begin voel.

[6] Na hierdie gesprekke kom **Rafael** weer na die twaalf toe terug, tik beide goedkeurend op hulle skouers en sê: "So, so is dit goed, vriende. So beval julle my beter as voorheen met julle benepe verstand, en ek mag nou vir julle sê dat julle heeltemal op die regte pad is!"

[7] Na hierdie woorde van Rafael staan **Ribar** op, omarm Rafael met al die krag van sy liefde, druk hom aan sy hart en sê baie bewoë: "O hemel en jy, hemelse vriend! Waarom kon ek jou nie al vroeër liefgehad het met al die gloed van my lewe nie!?" - Want vandat Ribar die voete, die hande en die oë van die engel beter bekyk het, het hy dadelik heeltemal tot sterwens toe verlief geword op hom.

[8] Maar **Rafael** sê: "Vriend, daardie soort liefde is wel beter as glad geen liefde nie, maar dit deug tog nie vir die siel en haar innerlike lewe nie. Jy hou slegs van my gestalte, wat nou my natuurlike uiterlike is, maar die liefde is die eintlike innerlike van die mens en moet hom nooit aan iets uiterlik heg nie, want daardeur word die innerlike gou gelyk aan die uiterlike en so `n weerspieëling van die hel. Dit verdraai die goddelike lewensorde. Die gees van die siel, wat die liefde is, word na buite gerig en kwyn daardeur weg, net soos `n te vroeg gebore baba verwelk wat deur van buite komende geweld te vroeg uit die moederliggaam verdryf is.

[9] My uiterlike mag jou daarom nie boei nie, maar slegs die waarheid wat jy uit my mond verneem - Dit sal jy behou en jou geheel en al vry en in jou siel waarlik gelukkig maak. Laat my tydelike uiterlike maar net vir jou net as bewys dien dat jy sien hoe mooi die volle waarheid gepaard met die liefde in haar reinheid is! - Verstaan jy dit?"

[10] **Ribar** sê, terwyl hy sy geweldige omarming opgee: "Ek verstaan dit goed, maar by jou aanskoue gaan iemand se verstand op loop!"

[11] Toe sê **Suetal** vir Rafael: "Dit is al `n ou kwaal by my vriend Ribar. `n Mooi gestalte, manlik of vroulik, kan hy, sonder om hartstogtelik te word, nie weerstaan nie, maar vir my is dit om die ewe. `n Mooi gestalte beval my ook gewis beter as `n lelike, maar hartstogtelik word ek nooit daarvan nie! Tot op hede het ek dan ook alle vroue en meisies, hoe mooi hulle ookal was, volkome met rus gelaat!"

[12] **Rafael** sê: "Dit is egter geen verdienste van jou nie, maar van jou aard! Want dit is geen verdienste van `n blinde dat hy deur geen wêreldse skoonheid verlei word nie, en dit is geen deug van `n dowe as hy sy ore nie uitleen aan kwaadsprekers nie. Maar mense soos jy kan in hul siel dan ook baie moeiliker gewek word as diegene by wie die geestelike ontwikkeling van die hart aan die begin meer oop staan as by ander aan die einde.

[13] Kyk, by Ribar het die geestelike, al is dit nog ongesuiwer, al met sy liggaam verweef. Iets moois en in sy aard volkome, het hom dan ook dadelik aangetrek omdat al die uiterlik mooie innerlik blykbaar hul oorsprong het in `n gevorderde, geestelike ontwikkeling. Daarom is die in `n sekere sin uiterlik verlief word op `n mooi voorwerp weliswaar `n woordelose, maar tog geestelik wedersydse herkenning en verwarming. Dit moet slegs so vroeg as moontlik al aan `n goeie leiding toevertrou word, waardeur dit in `n sekere sin na die eintlike lewensgrondslag teruggelei word. Dit is nie so moeilik nie, omdat die werklike lewensgees wat homself manifesteer deur die liefde, die eintlik intelligente lewe in die mens is en sodoende dit wat met sy natuur en orde ooreenkom, maklik verstaan en in die praktyk toepas."